

11 Oktober 2026

REEKS: STORIES OP DIE PAD

TEMA: DIE VERLORE SEUNS

“Verder het Hy gesê: “n Man het twee seuns gehad. Die jongste een van hulle het vir sy vader gesê, ‘Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom.’ Hy het toe die besittings tussen hulle verdeel. Nie lank daarna nie het die jongste seun al sy goed in geld omgesit en na 'n ver land gereis, en daar alles wat hy besit het, deur sy losbandige leefwyse verkwis....”

Lukas 15:11-13 (AFR20)

“Toe het hy egter tot sy sinne gekom en gesê, ‘Hoeveel dagloners van my pa het oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger! Ek sal opstaan en na my pa gaan en vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en in u oë. Ek is nie langer werd om u seun genoem te word nie. Behandel my soos een van u dagloners.’ Hy het toe opgestaan en na sy vader gegaan. Hy was nog ver weg, toe het sy vader hom al gesien. Hy het hom innig jammer gekry, na hom gehardloop, hom omhels en hom gesoen. Die seun sê toe vir sy vader, ‘Vader, ek het gesondig teen die hemel en in u oë. Ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.’ Maar sy vader het sy slawe opdrag gegee, ‘Bring gou 'n lang stola, die beste een, en trek dit vir hom aan. Gee vir hom 'n ring vir sy vinger en sandale vir sy voete. Bring vir ons die vetgemaakte kalf, slag dit en laat ons eet en feesvier, want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword, hy was verlore en is weer gevind.’

Toe het hulle begin feesvier.”

Lukas 15:17-24 (AFR20)

“Die oudste seun was in die veld, en toe hy terugkeer en naby die huis kom, hoor hy musiek en 'n gedans. Hy roep toe een van die dienaars en verneem by hom wat aan die gang is. ‘Jou broer het teruggekom,’ het hy hom geantwoord, ‘en jou pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom gesond teruggekry het.’ Hy het briesend kwaad geword en wou nie ingaan nie, maar sy vader het uitgekóm en mooi met hom gepraat. Maar hy het vir sy vader gesê, ‘Kyk, ek sloof my al soveel jare vir u af, en het nog nooit 'n opdrag van u verontagsaam nie, en vir my het u nooit eers 'n bakkie gegee, sodat ek saam met my vriende kon feesvier nie.’”

Lukas 15:25-29 (AFR20)

WAAROM VERTEL JESUS HIERDIE VERHALE?

“Tollenaars en ander sondears het dikwels na Jesus se onderrig kom luister. Fariseërs en wetskenners het beswaar gemaak dat Hy met veragtelike mense geassosieer het – en selfs saam met hulle geëet het!”

Lukas 15:1–2 (NLV)

- God gee om vir verlore mense.

“Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”

Lukas 19:10 (AFR83)

DIE MENS SE GROOTSTE PROBLEEM IS DAT HY VERLORE IS

“Adam die seun van God.”

Lukas 3:38 (NLV)

- Wat gebeur wanneer 'n verhouding tussen twee mense verbreek?

Die verlore skaap – soms weet ons nie eers ons is verlore nie.

Die verlore munt – soms kan ons nie self terugkom nie.

Die verlore seun – die mens wat bewustelik wegloop.

“Die jongste het vir sy pa gesê: ‘Ek wil my deel van die boedel nou hê, eerder as om te wag tot Pa doodgaan.’”

Lukas 15:12 (NLV)

“Toe hy uiteindelik tot sy sinne kom...”

Lukas 15:17 (NLV)

“Ek sal teruggaan na my pa toe”

Lukas 15:18 (NLV)

WAT DOEN DIE VADER?

“... En toe hy nog ver weg was, het sy pa hom gesien aankom. Oorweldig met liefde en deernis het hy na sy seun toe gehardloop, hom omhels en gesoen.”

Lukas 15:20 (NLV)

DIE VADER SE LIEFDE IS GROTER AS DIE SEUN SE SONDE

Pa, ek het gesondig...”

Lukas 15:21b (NLV)

“...hierdie seun van my was dood en hy het nou teruggekeer na die lewe. Hy was verlore, maar nou is hy gevind.”

Lukas 15:24 (NLV)

DIE HART VAN DIE EVANGELIE

- Jesus het nie gekom om net goeie mense beter te maak nie. Hy het gekom om verlore mense terug te bring na die Vader.
- As God se liefde net vir goeie mense was, wie van ons sou daarvoor kwalifiseer?

DIE OUDSTE SEUN

“Ek het al die jare hard gewerk vir Pa en nooit geweier om enigiets te doen wat Pa my gesê het om te doen nie.”

Lukas 15:29 (NLV)

TWEE SEUNS — TWEE MANIERE OM VERLORE TE WEES

“Ons hart is rusteloos totdat dit rus vind in U.”

Augustinus

WAT BETEKEN DIT VIR ONS KERK?

- Die kerk moet die Vader se hart weerspieël.
- Die Vader soek nie net die jongste seun nie.